UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

DEPARTEMENT REKENINGKUNDE

REKENINGKUNDE 1B

REK1B01 / ACC01A1

AUCKLAND PARK KAMPUS

ASSESSORS: Mnr. M.N. Dlamini, Mev. C. Heathcote, Mnr. B. Mhlambi & Me J.D. Napo

MODERATOR: Mev. T. Mahmood

FINALE ASSESSERINGS-GELEENTHEID	**9 November 2015**	**PUNTE: 125** **TYD: 2 ½ URE**

- *AL DIE VRAE MOET BEANTWOORD WORD.*
- *BEGIN ELKE NUWE VRAAG AAN DIE BOKANT VAN 'N BLADSY.*
- *SKRYF SLEGS MET BLOU OF SWART INK – POTLOOD-ANTWOORDE SAL NIE VIR HERMERKE OORWEEG WORD NIE.*
- *ANTWOORD DIE VRAE OP DIE **KORREKT KLEUR ANTWOORDBOEK** SOOS AAN DIE BEGIN VAN ELKE VRAAG AANGEDUI IS.*
- ***ANTWOORD DIE VRAE WAT U DIE BESTE KEN EERSTE!! BAIE STERKTE.***

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD
1	Joernale en Staat van komprehensiewe inkomste	24	29 minute
2	Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede	20	24 minute
3	Staat van finansiële posisie	45	54 minute
4	Staat van kontantvloeie	36	43 minute
		125	**150 minute**

VRAAG 1

(24 PUNTE)
(29 MINUTE)

Build-This (Edms) Bpk is gedurende Januarie 2005 geïnkorporeer en het 'n 31 Desember jaar-einde. Die onderneming verskaf hoofsaaklik boumateriaal aan die konstruksie-bedryf.

Hieronder verskyn 'n uittreksel uit Build-This (Edms) Bpk se proefbalans op 31 Desember 2014:

Item	Nota	Debiet	Krediet
Inkomste uit die verkoop van goedere	1		1 950 000
Aankope van voorraad		875 000	
Dividende ontvang vanaf Micas (Edms) Bpk	2		?
Bestuursfooie ontvang vanaf Micas (Edms) Bpk	2		?
Waardevermindering op afleweringsvoertuie	3	?	
Amortisasie op handelsmerke		10 000	
Waardedaling op handelsmerke		5 000	
Rente-uitgawe op finansieringsbruikhuurlening op afleweringsvoertuie	3	?	
Belegging in Micas (Edms) Bpk	2	5 500 000	
Voorraad voorhande op 31 Desember 2013		372 000	
Voorraad voorhande op 31 Desember 2014		194 000	
Kosprys van afleweringsvoertuie	3	78 000	
Opgelope waardevermindering op afleweringsvoertuie	3		?
Kosprys van handelsmerke		100 000	
Opgelope amortisasie op handelsmerke			25 000

VERDERE INLIGTING

1. Build-This (Edms) Bpk het op 31 Desember 2014 'n spesiale aanbieding op 50-kg sakke sement geadverteer, om verkope 'n hupstoot te gee. Op 31 Desember is 4 500 sakke teen R100 per sak verkoop. Helfte van die verkope was kontant en die ander helfte op krediet. Daar was nie genoeg voorraad voorhande om in die vraag te voorsien nie. Slegs 3 000 sakke is op 31 Desember 2014 afgelewer en die oorblywende 1 500 sakke is eers op 15 Januarie 2015 aan klante gelewer. Geen joernaalinskrywings is ten opsigte van hierdie transaksie erken nie. U kan aanvaar dat die toepaslike koste van verkope inskrywings korrek geboekstaaf is en dat die sakke sement wat verkoop is nie by die voorraadtelling op jaar-einde ingesluit is nie, wat korrek is.

2. Build-This (Edms) Bpk het 'n belegging in Micas (Edms) Bpk gemaak. Hierdie is 'n strategiese belegging en verteenwoordig 'n beduidende aandeelhouding van 55% in Micas (Edms) Bpk, wat 1 000 uitgereikte gewone aandele het. Op Desember 2014 skuld Micas (Edms) Bpk R40 000 aan Build-This (Edms) Bpk vir bestuursdienste wat gedurende die 2014 finansiële jaar gelewer is. Micas (Edms) Bpk het dividende van R250 per aandeel, op 15 Desember 2014; hierdie dividende is eers gedurende Januarie 2015 betaal. Geen joernaalinskrywings is hiervoor erken nie.

3. Gedurende Januarie 2013 het Build-This (Edms) Bpk 'n nuwe voertuig met behulp van 'n finansieringsbruikhuurlening bekom. Die onderstaande tabel toon die besonderhede van die ooreenkoms: die bruikhuurtydperk is ses jaar en die paaiemente van R16 100 is agterna betaalbaar. Die geskatte nuttige lewensduur van die voertuig is ses jaar. Waardevermindering op voertuie word op die reguitlynmetode oor die nuttige lewensduur van die bate voorsien.

VRAAG 1 (VERVOLG)

Datum	Paaiement R	Rente R	Kapitaal R	Saldo R
01 Januarie 2013	-	-	-	78 000
31 Desember 2013	16 100	5 051	11 049	66 951
31 Desember 2014	16 100	4 335	11 765	55 186
31 Desember 2015	16 100	3 574	12 526	42 660
31 Desember 2016	16 100	2 762	13 338	29 322
31 Desember 2017	16 100	1 899	14 201	15 121
31 Desember 2018	16 100	979	15 121	Nul

VERLANG

1.1 Voorsien die joernaalinskrywing/(s) wat nodig is om die inkomste uit verkope, van die spesiale aanbieding op sement, op 31 Desember 2014 te erken.

Let wel: Ignoreer BTW of inkomstebelasting implikasies vir alle transaksies. (4)

1.2 Voorsien die joernaalinskrywing/(s) wat nodig is om die dividende wat verklaar is en die bestuursfooie wat deur Micas (Edms) Bpk betaal/verskuldig is, in die finansiële rekords van Build-This (Edms) Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2014, te erken. (4)

1.3 Bied al die toepaslike lynitems aan in die Staat van komprehensiewe inkomste van Build-This (Edms) Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2014. (11)

1.4 Openbaar SLEGS die volgende notas tot die finansiële state van Build-This (Edms) Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2014. (5)

- Wins voor belasting
- Inkomste vanaf filiaal

VRAAG 2 **(20 PUNTE)**
(24 MINUTE)

Jozi Hoërskool is 'n privaatskool in Johannesburg wat bekend is vir sy hoë gehalte onderwys. Die skool akkommodeer leerders vanaf Graad 8 tot 12. Jozi Hoërskool word hoofsaaklik deur privaat ondernemings befonds. Op 30 Junie elke jaar moet Jozi Hoërskool terugvoer gee aan hierdie ondernemings aangaande die skool se finansiële bedrywighede en posisie. Gedurende die huidige finansiële jaar het die skool twee onaangename insidente gehad, en hulle het u genader om behulpsaam te wees met die hantering daarvan uit 'n rekeningkundige oogpunt.

INSIDENT 1 **(11 PUNTE)**

Jozi Hoërskool het 'n leerder geskors, omdat hy geweier het om sy hare te sny. Die leerder het tyd spandeer en die Wet op Mense-regte en die Konstitusie van Suid-Afrika geraadpleeg om vas te stel of die skool nie sy "Reg" tot opvoeding geskend het deur hom te skors nie. Die korrekte dissiplinêre proses is gevolg. Die leerder se pa het die skoolhoof telefonies gekontak en gedreig om die skool vir R700 000 skadevergoeding te dagvaar indien die skorsing nie gelig word nie. Die skoolhoof het aangedui dat die skorsing nie gelig sal word nie en het aangevoer dat die skool 'n waterdigte saak het indien hulle gedagvaar sou word. Die hoof het die pa ingelig dat die leerder die skool se gedragskode onderteken het, wat dit duidelik stel dat manlike leerders hulle hare kort moet dra. Hierna het die pa nie weer die skool gekontak nie en geen dagvaardiging is deur die skool ontvan nie. Jozi Hoërskool se prokureurs is van mening dat die moontlikheid van 'n uitvloei van kontant, ten opsigte van hierdie insident, baie gering is, selfs al besluit die pa om die skool te dagvaar.

VERLANG

2.1 Verduidelik of die bogenoemde insident aan die definisie van 'n voorwaardelike aanspreeklikheid voldoen, deur na beide die alternatiewe definisies van voorwaardelike aanspreeklikhede te verwys. (9)

2.2 Bespreek die rekeningkundige hantering van hierdie insident ten opsigte van IFRS. (2)

INSIDENT 2 **(9 PUNTE)**

Op 5 April 2014 het die ouers van 'n leerder Jozi Hoërskool vir R546 000 skadevergoeding gedagvaar, nadat die leerder se been in die skool se jaarlikse kaskarkomtetisie gebreek is. Jozi Hoërskool het instruksies aan hul regspan gegee om die eis teen te staan, aangesien die pa se eis van R546 000 vir mediese kostes, buitensporig is. Op 30 June 2014 het Jozi Hoërskool se regspan aangedui dat hul van mening is dat die hof die skool sal skuldig vind op nalatigheid en dat die skool waarskynlik vergoeding van R148 000 sal moet betaal. Die hofsaak is op 10 Januarie 2015 aangehoor en die hof het beslis dat Jozi Hoërskool skadeverdoeding ten bedrae van R276 500 moet betaal. Jozi Hoërskool het die bedrag op 20 Januarie 2015 betaal.

VERLANG

2.3 Definieer 'n voorsiening. (2)

2.4 Voorsien die toepaslike joernaalinskrywings om die inligting vir 2014 en 2015 te erken. (7)

Let wel: Joernaalomskrywings <u>moet voorsien word</u>.

VRAAG 3

(45 PUNTE)
(54 MINUTE)

Die onervare boekhouer van HIT (Edms) Bpk het begin om die finansiële state vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Junie 2015 op te stel. U word versoek om die finansiële state te finaliseer.

Die volgende saldo's ten opsigte van bates, laste en ekwiteit het in die proefbalans soos op **30 Junie 2015** voorgekom:

	Verdere inligting	Dt	Kt
Geboue teen kosprys	6	1 100 000	
Aanleg en toerusting teen kosprys	2	825 000	
Handelsmerke teen kosprys		360 000	
Opgelope waardevermindering – geboue			456 750
Opgelope waardevermindering – aanleg en toerusting			360 000
Opgelope amortisasie – handelsmerke			180 000
Opgelope waardedaling – handelsmerke			54 000
Belegging in filiaal (RUN (Edms) Bpk) teen kosprys	3	309 600	
Belegging in Purco Bpk (genoteerde aandele)	4	337 500	
Handelsvoorraad	8	582 000	
Handelsdebiteure	9	2 397 750	
Versekering voortuitbetaal op 30 Junie 2015		150 000	
Kontant en kontantekwivalente		247 500	
Gewone aandelekapitaal	5		1 800 000
Behoue verdienste			1 606 300
Verbandlening	6		1 076 500
Handelskrediteure			588 300
Korttermyn voorsienings	7		187 500
		6 309 350	6 309 350

VERDERE INLIGTING

Die volgende <u>is alreeds in berekening gebring</u> met die voorbereiding van die lys van saldo's hierbo:

1. Inkomste en uitgawes ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting sowel as handelsmerke alreeds ingesluit by die saldo's hierbo:

	R
Uitgawes	
Waardevermindering – geboue	65 250
Waardevermindering – aanleg en toerusting	116 250
Amortisasie – handelsmerke	30 000
Waardedaling – handelsmerke	54 000
Verlies op aanleg-item wat in 'n brand vernietig is (niks kon gered word nie) (Die kosprys van die item was R180 000)	105 000

2. Op 31 Junie 2015 het HIT (Edms) Bpk 'n aanleg-item vir R210 330 (insluitend BTW) op krediet aangekoop.

VRAAG 3 (VERVOLG)

3. Die belegging in die filiaal (RUN (Edms) Bpk) bestaan uit 45 000 gewone aandele wat 'n 60% belang in ekwiteit verteenwoordig. Op 30 Junie 2015 was die bestuurswaardasie van die belegging R6.88 per aandeel.

4. Die belegging van 90 000 gewone aandele in Purco Bpk, 'n genoteerde maatskappy is teen 'n kosprys van R225 000 gemaak. Die entiteit het 2 500 000 gewone aandele uitgereik. Op 30 Junie 2015 was die sluitingsprys per aandeel R3.75.

5. Kapitaalstruktuur:

Gemagtig	1 200 000 gewone aandele
Uitgereik (30 Junie 2015)	600 000 gewone aandele

6. Die verbandlening is op 1 Julie 2008 aangegaan om die aankoop van 'n nuwe gebou te finansier en is in 20 gelyke jaarlikse paaiemente terugbetaalbaar. Die volgende uittreksel uit die terugbetalingskedule is van toepassing:

		Paaiement			
Datum		**Totaal**	**Kapitaal**	**Rente teen 7.5% per jaar**	**Kapitaalbedrag uitstaande**
30/6/2014	Saldo				1 110 542
30/6/2015	Paaiement 4	117 711	34 425	83 286	1 076 118
30/6/2016	Paaiement 5	117 711	37 007	80 704	1 039 111
30/6/2017	Paaiement 6	117 711	39 782	77 928	999 329

7. Op 15 November 2013 is HIT (Edms) Bpk deur een van hul bure gedagvaar vir beweerde omgewingsbesoedeling. Teen einde 2014 was die onderneming se regspan van opinie dat die hof waarskynlik ten gunste van die eiser sal beslis en dat R240 000 moontlik betaalbaar is. Teen 30 Junie 2015 het die regsverteenwoordiger aangedui dat die eis waarskynlik gedurende die eerste helfte van 2016 buite die hof, teen 'n bedrag van R187 500, geskik sal word.

Die volgende <u>MOET nog in berekening gebring word</u>:

8. Die kosprys van sekere voorraaditems oorskry die netto realiseerbare waarde daarvan met R93 750. Geen inskrywings is in die rekeningkundige rekords gemaak nie.

9. 'n Toelae vir twyfelagtige skulde moet teen 12% van die totale uitstaande debiteure, geskep word.

VERLANG

Bied aan en openbaar die bostaande inligting in die Staat van finansiële posisie van HIT (Edms) Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig **30 Junie 2015**.

Let wel:

- <u>ALLE toepaslike openbaarmakingsnota's</u> word **verlang**.
- Die nota oor Rekeningkundige beleid word **NIE VERLANG NIE.**
- Die verdere inligting ten opsigte van grond en geboue as deel van die EAT nota word NIE VERLANG NIE.
- Rekonsiliasie van die aantal aandele uitgereik nota word NIE VERLANG NIE.

VRAAG 4

(36 PUNTE)
(43 MINUTE)

Athens (Edms) Bpk se huidige finansiële verslagdoeningsperiode eindig op 31 Desember 2014. Die volgende bate-, laste- en ekwiteit-items het op 31 Desember 2014 en 31 Desember 2013 in die onderneming se boeke voorgekom:

	Verdere inligting	2014 R	2013 R
Grond en geboue teen kosprys		10 700 000	4 400 000
Opgelope waardevermindering – geboue		(1 672 000)	(1 320 000)
Verbandlening	3	(4 905 500)	(1 949 100)
Aanleg en toerusting teen kosprys	4	12 450 000	10 725 000
Opgelope waardevermindering – aanleg en toerusting	4	(4 935 000)	(4 250 000)
Opgelope waardedaling – aanleg en toerusting	4	(225 000)	0
Afleweringsvoertuie teen kosprys	5	2 200 000	2 200 000
Opgelope waardevermindering – afleweringsvoertuie		(880 000)	(440 000)
Banklening ten opsigte van afleweringsvoertuie	5	(1 332 000)	(1 685 000)
Belegging in filiaal teen kosprys	6	1 237 500	1 100 000
Genoteerde aandele teen billike waarde	7	600 000	875 000
Handelsmerke		1 400 000	1 400 000
Opgelope amortisasie – handelsmerke		(791 000)	(560 000)
Handelsdebiteure		9 145 000	8 330 000
Toelae vir twyfelagtige skulde		(385 000)	(320 000)
Voorsiening vir publieke vrywarings-versekeringseis		(600 000)	0
Aandeelhouers vir dividende		(1 500 000)	(1 250 000)
SAID – Inkomstebelasting betaalbaar		(140 000)	(100 000)

VERDERE INLIGTING

1 Die inligting hieronder is uit die staat van wins of verlies van Athens (Edms) Bpk, vir die jaar geëindig 31 Desember 2014, onttrek:

	R
Verkope	30 250 000
Wins voor belasting	6 248 000
Inkomstebelasting-uitgawe	(1 600 000)
Wins vir die jaar	4 648 000

VRAAG 4 (VERVOLG)

2 Die inligting hieronder is uit die staat van veranderings in ekwiteit van Athens (Edms) Bpk, vir die jaar geëindig 31 Desember 2014, onttrek:

	Behoue verdienste
	R
Saldo op 31 Desember 2013	8 217 500
Wins vir die jaar	4 648 000
Dividend: gewone – finale dividend op 30 April 2014 betaal	(1 000 000)
Dividend: gewone – tussentydse dividend op 15 September 2014 verklaar	(1 200 000)
Saldo op 31 Desember 2014	10 665 500

3 Die addisionele grond en geboue wat gedurende die huidige verslagdoeningstydperk aangekoop is, is gedeeltelik gefinansier deur die verbandlening met R3 000 000 te verhoog.

Die toepaslike gedeelte van die terugbetalingskedule van die verbandlening is as volg:

		Paaiement			
Datum		**Totaal**	**Kapitaal**	**Rente**	**Uitstaande kapitaal**
01/01/2014	Saldo				1 949 100
02/01/2014	Verhoog met R3 000 000				4 949 100
31/12/2014	Paaiement	637 500	43 600	593 900	4 905 500
		637 500	147 000	490 500	4 758 500

4 Op 1 Julie 2014 is aanleg en toerusting items met 'n kosprys van R750 000 en 'n drawaarde van R37 500, op dieselfde datum, onttrek en ingeruil vir plaasvervangende aanleg en toerusting items met 'n kosprys van R1 200 000. Nadat die ooreengekome inruilwaarde van die aanleg en toerusting items in ag geneem is, is R1 130 000 aan die verskaffer betaal.

Op 1 November 2014 is aanleg en toerusting items met 'n kosprys van R1 050 000 en opgelope waardevermindering van R402 500, op dieselfde datum, geheel en al in 'n brand vernietig. On 10 Desember 2014 is R630 000 vanaf die versekeringsmaatskappy ontvang.

Gedurende 2014 is addisionele aanleg en toerusting items aangekoop om die kapasiteit uit te brei.

5 Die toepaslike gedeelte van die terugbetalingskedule ten opsigte van die banklening, wat verband hou met die afleweringsvoertuie wat gedurende die vorige verslagdoeningsperiode aangekoop is, is as volg:

		Paaiement			
Datum		**Totaal**	**Kapitaal**	**Rente**	**Kapitaal uitstaande**
01/01/2014	Saldo				1 685 000
31/12/2014	Paaiement	584 100	353 000	231 100	1 332 000
		584 100	437 600	146 500	894 400

VRAAG 4 (VERVOLG)

6 Aan die begin van 2014 het Athens (Edms) Bpk 55% van die uitgereikte gewone aandele in die filiaal aangekoop. Op 30 Junie 2014 is 'n verdere 5% van die uitgereikte gewone aandele van die filiaal deur middel van 'n kontanttransaksie verkry. Die dividend-inkomste vanaf die belegging het vir 2014 R40 000 beloop en is in ag geneem.

7 Gedurende 2014 is 'n gedeelte van die genoteerde aandele vir kontant verkoop. Die billike waarde-aanpassing is in die staat van wins of verlies in aanmerking geneem en het 'n verlies van R100 000 vir 2014 tot gevolg gehad. Die dividend-inkomte uit die belegging in genoteerde aandele het R30 000 vir 2014 beloop en is by die staat van wins of verlies in berekening gebring.

VERLANG

4.1 Bied die staat van kontantvloeie van Athens (Edms) Bpk aan vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2014.

4.2 Openbaar slegs die nota vir kontant deur bedrywighede voortgebring tot die staat van kontantvloeie van Athens (Edms) Bpk vir die verslagdoeningsperiode geëindig 31 Desember 2014.

Let wel:

- Ignoreer BTW.
- Toon ALLE berekeninge duidelik.